NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

NUUSBRIEF

MAART 2021

ALGEMENE JAARVERGADERING

Ons Algemene Jaarvergadering vind plaas op 15 April 2021 om 10:00 in die Simmentaler Brahman Huis . Die finale agenda en notule van die AJV 2020 is uitgestuur aan alle lede .

UNISTEL

Die versending van sterthare maandeliks na Unistel verloop baie goed en ons wil n dank aan telers uitspreek vir die goeie samewerking. Die permit verval 31 Mei 2021 en ons wil graag telers maan om sterthare voor 15 Mei in te handig. Daar kan n periode verloop voordat ons weer n nuwe permit het wat beteken daar word geen hare uitgestuur nie. Om dus seker te maak u diere wat u verkoop is getoets, bring u haarmonsters. Ons doen n beroep op telers om sterthare van veilingsdiere vir Augustus , September , Oktober vroeg te kollekteer, geen dier sal op veiling aangebied word sonder bevestigde vaderskap.

NUWE TELERS

Ons wil graag Dewet Prinsloo en Metusalem Tjirovi welkom heet as nuwe Simbra Telers. Ons hoop en vertrou dat jul teling suksesvol sal wees met liefde en passie .

SIMXTRAVAGANZA 2021

Die Simxtravaganza veiling sal plaasvind op Donderdagaand 14 Oktober 2021 by die AGRA Ring in Windhoek. Die Raad het besluit dat Simmentaler en Simbra koeie aangebied nie ouer as 8 jaar mag wees op die dag van die veiling. Alle ander reels bly onveranderd.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

KLEREDRAG OP SKOUE

Die Raad wil graag daarop wys dat daar spesifike kleredrag voorgeskryf word deur die Genootskap vir skoue in Namibia.
Simmentalers: Groen oorpak, groen pet en wit gum boots en wit halters.
Simbras: Geel oorpakke, blou kepse, wit gum boots , geel tou halters.

VRUGBAARHEIDS VEREISTES

Vir alle vroulike diere gebore September 2016 tot Februarie 2018 is ouderdom van eerste kalwing van 39 maande na 48 maande verhoog. Hierdie besluit is geneem nadat die nagevolge van die droogte na vore gekom het. Vroulike diere gebore in die tydvenster se groei, vrugbaarheid en ontwikkeling is weens die droogte negatief beinvloed. Streng seleksie vir vrugbaarheid bly een van die belangrikste seleksie hulpmiddele beskikbaar, maar uiterste omstandighede moet ook in ag geneem word sodat ons telers nie hul beste genetika verloor nie. Elke teler is bemoeid om n kernkudde te behou om die volgende jaar verder te teel.

REKENINGE

Alle rekeninge aan telers word op 1 April uitgestuur en is betaalbaar voor 31 Junie dieselfde jaar. Op rekening 90 dae uitstaande sal stop dienste toegepas word. Dit beteken geen registrasie, oordragte, kanselasies en keurings nie. Rekeninge 120 dae uitstaande word oorhandig vir invordering. Volgens ons Konstitusie Punt 11.10

11.10 In the event of an outstanding account of a member, or person whose membership has been terminated, being handed over for collection, such member shall be held liable for payment of the amount owing, collection fees, interest, solicitor's fees at the rate agreed to between solicitor and client, as well as any other additional costs including administration costs.

SKANDERING

Die NSV het n skanderingsprogram opgestel vir alle telers van die Genootskap wat diere aangemeld het voor 31 Jan 2021 vir skandering. Diere jonger as 800 dae kan skandeer word en die data sal opgeneem

word. Ons vra telers om te verseker dat ouderdom van diere tydens skandering nie 800dae oorskry nie.

SIMPROLYSTE

SimPro lyste van elke teler gaan aan keurders oorhandig word wat die keurder dan tydens keuring met die teler kan bespreek. SimPro is n produksie lys van alle vroulike diere in die kudde met baie waardevolle insiggewende inligting op.

HERSTRUKTURERING VAN SIMMENTALER / SIMBRA GENOOTSKAP SA

Die meerderheid lede het op die AJV van die Suider Afrikaanse Genootskap op 15 Januarie 2021 besluit dat daar twee aparte genootskappe gestig word, nl. ‘n Simmentaler Genootskap en Simbra Genootskap. Die transformasie proses is aan die gang, maar nie sonder uitdagings en struikelblokke nie. Ek wil n groot woord van dank aan die nuut gekose Rade(Simmentaler Raad en Simbra Raad) uitspreek vir die hantering van alle aangeleenthede. Die Namibiese verteenwoordiger op die Simmentaler Raad is Stephan Voigts en op die Simbra Raad Diethelm Metzger. In dieselfde asem baie waardering vir mnr Phillip Lee, nuut aangestelde CEO van die Simmentaler Genootskap wat albei Rade bygestaan het. Tot tyd en wyl alles by die Suid Afrikaanse Genootskappe in plek is, bly die Namibiese situasie onveranderd. Keurings vir beide rasse is gereel, so ook gaan skandering en registrasie dienste voort. Simmentaler telers in Namibia word deur die Suider Afrikaanse Simmentaler Genootskap bedien en Simbra telers deur die Suid Afrikaanse Simbra Genootskap. Registrasie sertifikate van beide Genootskappe is uitgereik en ons vertrou dat dienste aan alle telers voortgesit word soos in die verlede.

DANKIE